basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## 2016

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

4. Trek ’n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**DÍT TAKEL TIENERS AF**

1 Die media en sosiale netwerke het dikwels ’n aftakelende invloed op ons tieners se selfwaarde.

2 Ons het almal prentjies oor onsself in ons koppe – dit word ons “selfbeeld” genoem. ’n Selfbeeld word van kleins af gevorm deur ervarings van die wêreld om ons. Selfwaarde, wat selfvertroue en selfaanvaarding insluit, is ’n belangrike deel van emosionele gesondheid.

3 As tieners op sosiale media sit en klets, klink dit min of meer soos volg: “Sy Facebookfoto is gedokter.” “Haar foto is professioneel; haar ma het vir alles betaal.” “Het julle Helen se twiet gesien? Sy was saam met ’n ou van die gim by die partytjie en hy is 25!” “Sjoe, sy is gebou soos ’n pou.” Hulle klets oor wie’s maer, wie het ’n “six pack”, wat is in en wie is uit. Die belangrikste dinge in hul lewens: Facebook, Twitter, MXit, WhatsApp, maer wees en “in” wees – die selfbeeldbouers. Dan is daar ongelukkig steeds skool ...

4 “Die tiener se hele wese draai om hoe ander van dieselfde ouderdom hulle sien en wat húlle dink,” sê Carien Nel, ’n skoolhoof. “Deesdae is selfs kinders van agtjarige ouderdom al kop onderstebo en kompulsief besig om te BBM of WhatsApp. Alle vorme van media het ’n geweldige uitwerking op tieners se selfbeeld en selfwaarde. Daarom is tieners sonder ’n sterk selfbeeld en -waarde oneindig broos.”

5 Iemand wat mooi en maer is, die regte soort selfoon het en klere met die regte handelsmerk dra, word as suksesvol beskou. Kinders meet mekaar aan hoe groot hul onderskeie huise is en watter soort motors hul ouers ry. Alles op sosiale platforms gaan oor die uiterlike.

6 Nel voel dat ma’s as ’n groep een van die grootste euwels is. “Die ma’s word al hoe jonger en meer ‘sexy’. Hulle kinders moet ook so lyk! Erger nog, die ma’s kompeteer namens hul kinders onder mekaar. Baie tieners sukkel nog met babavet en slegte velle en as jy voel jy is nie mooi of goed genoeg vir jou ma nie, wat bly oor? Die ouers wil nie meer ouers wees nie, hulle wil die ‘gewilde, cool’ ma’s wees, derhalwe swig hulle voor die druk van hul kinders. Dis juis dié kinders wat te vroeg dissiplineloos grootword, wat sukkel met selfwaarde en nie gesonde waardes in die algemeen aanleer nie.”

7 Kinders leer vroeg middelmatigheid is nie aanvaarbaar nie. Wanneer jy jou bes doen en dit is nie goed genoeg nie, het dit ’n verpletterende uitwerking

op selfwaarde, wat dan tot verskeie gedragsprobleme kan lei. By ’n Suid-Afrikaanse hoërskool het Lewensoriënteringonderwysers vrae in die eksamen oor die uitwerking van die media op tieners se selfwaarde gestel. “Daar bestaan geen twyfel dat veral Facebook ’n geweldige invloed op tieners se selfbeeld het nie,” sê Dennis Moir van dié skool. “Maar alles is nie sleg nie. Selfwaarde kan ook deur sosiale netwerke gebou word. Kinders wat sukkel om te sosialiseer kry dikwels hier maniere om kommunikasievaardighede te oefen. Maar, hóé die Facebookblad lyk, watter foto’s en hóé dikwels items op die muur geplaas word, hoeveel keer iemand jou muurplasings ‘like’ – dui alles op hoe gewild en suksesvol jy is,” sê Moir. “Jou Facebookblad bepaal jou selfwaarde.”

8 Baie tieners voel hul lewens steek af teen ander s’n. As jy nie gereeld op die muur skryf nie, dui dit daarop dat jy nie eintlik ’n lewe het nie. Dit maak hulle kuberbroos. Volgens ’n sielkundige, dr. Marlene Wasserman, besef tieners dat Facebook dikwels nie die werklikheid weerspieël nie en dat foto’s soms gedokter is. Dit ten spyt, het Facebook steeds ’n groot invloed op tieners se selfwaarde.

9 Veral kuberboelies oorskry dikwels alle perke op Facebook. Hulle plaas dikwels lelike, onsmaaklike foto’s van ander. Volgens dr. Wasserman ly jongelinge met ’n lae selfwaarde die meeste onder kuberboelies. “Dit vernietig tienerselfwaarde en maak hulle dan veral kuberbroos. Hierdie tieners word in ’n virtuele openbare domein groot – ’n genadelose plek waar hul lewens in werklike tyd gedokumenteer word.” Dr. Wasserman noem hierdie generasie se hiperkonnektiwiteit die “nuwe normaal”. Vir hulle ís dit die werklikheid. “<u>Hierdie generasie weet nie van beter nie. Sosiale platforms en die Internet is waar hulle hul inligting kry, uitruil, kommunikeer en hulle selfwaarde vorm</u>.”

10 Ouers se enigste teenvoeter vir bogenoemde sosiale euwels is om kinders se selfwaarde van kleins af baie doelbewus te bou en dit baksteen vir baksteen met liefde en respek vas te messel. Tieners word gebombardeer met té veel mediabeelde van perfeksie, sukses en skoonheid. Dit veroorsaak kompetisie en ’n oordrewe strewe na die perfekte, wat vir die meeste onbereikbaar is en hul selfwaarde aftakel. Gesonde idees oor identiteit en sukses verseker ’n gesonde selfwaarde.

11 Ouers en kinders se betrokkenheid by sosiale media het ’n verreikende invloed op tieners se selfwaarde. Die menings, erkenning en aanvaarding van hul maats is vir die meeste tieners so belangrik soos duisende ‘likes’ op hul mure.

[Verwerk uit *Rooi Rose*, Februarie 2014]

1.1 Wat bepaal ’n mens se selfbeeld en waarom is ’n gesonde selfbeeld noodsaaklik? (2)

1.2 Wat impliseer die skrywer met die onderstreepte gedeelte in paragraaf 3? (1)

1.3 Herlees paragraaf 4.

Skryf die woord neer wat daarop dui dat die gebruik van tegnologie verslawend is. (1)

1.4 Wat word deur die sosiale media as die norm vir sukses aan tieners voorgehou? (3)

1.5 Herlees paragraaf 6.

Dink jy Carien Nel se aanname oor ouers in die moderne tyd is geregverdig? Motiveer jou antwoord. (1)

1.6 Watter nadeel hou dit vir tieners in om ouers soos in paragraaf 6 te hê? Wat is die implikasie vir toekomstige gesinne? Hoe dink jy kan die probleem reggestel word? (3)

1.7 Hoe sal kinders weet dat middelmatigheid nie goed genoeg is nie? Watter uitwerking het dié besef op hulle? (3)

1.8 Die skrywer voel dat Facebook ook ’n positiewe invloed op tieners het. Motiveer uit paragraaf 7 waarom jy met hierdie stelling kan saamstem. (1)

1.9 Hoe, dink jy, kan die negatiewe invloed van Facebook (paragraaf 8 en 9) teëgewerk word? (1)


1.10 “... hul lewens in werklike tyd gedokumenteer word” (paragraaf 9).

Waarna verwys dr. Wasserman? Haal ’n woord uit paragraaf 9 aan om dié stelling te bewys. (2)

1.11 Gee die oplossings wat hierdie artikel aan ouers bied om kinders teen die gevare van sosiale media te beskerm. (4)

1.12 Is die tekstitel geslaagd? Motiveer jou antwoord. (2)

## TEKS B: VISUELE TEKS




[Uit: www.single-dc.com]

1.13 Watter gevoel ervaar die meisie in RAAMPIE 3? (1)

1.14 Wat is die verband tussen RAAMPIE 5 en die onderstreepte gedeelte in paragraaf 9 (TEKS A)? Hoe ondersteun die meisie se liggaamshouding in RAAMPIE 5 jou antwoord? (2)

1.15 Hoe skakel TEKS B met paragraaf 3 van TEKS A? Dink jy die kunstenaar se voorstelling van hedendaagse kommunikasie is geslaagd? Motiveer jou antwoord. (2)

1.16 Kyk na RAAMPIE 7.

Hoe weet ons dat die boodskap wat gestuur word, gunstig is? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

- Lees die teks hieronder en maak ’n opsomming van **SEWE stadiums in die ontwikkeling van skoene.**
- Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Dit is nie nodig om die opsomming ’n titel te gee nie.
- Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

### TEKS C

**SKOENE HET AL ’N LANG PAD GESTAP**

Die mens se voete moes oor eeue heen beskerm word teen skerpioene, klippe, dorings asook die verswelgende hitte van woestynsand en vernietigende koue in sneeu en ys. Skoene was die oplossing! In die geskiedenis het skoene al ’n baie lang pad gestap.

Die vroegste bewys van skoene is in 8000 v.C. in Missouri by Amerikaanse Indiane gevind. Dit was gevlegte leer en gras wat die voetsool teen allerlei elemente beskerm het. Die sogenaamde “Ysman” het in 3300 v.C. in die Franse Alpe gesterf en ’n primitiewe skoen, met gras uitgevoer, is aan sy beendere gevind. Driehonderd jaar ná hierdie “Ysman” het die Egiptenare muurskilderye van skoene en skoenmakers geverf. Dit was iets soos sandale wat van gebreide leer gemaak is.

Griekse slawe is in 100 n.C. uitgeken daaraan dat hulle geen skoene gedra het nie; die voorreg van skoene het uitsluitlik aan vryburgers en slawe-eienaars behoort. Dit was steeds eenvoudige, handvervaardige leerskoene.

In 1500 het die kunstenaar, Leonardo da Vinci, skoene verhef tot ’n noodsaaklike bykomstigheid: hy het die hoë hak ontwerp – iets wat aanvanklik net deur mans van die adelstand gedra is. ’n Eeu later het skoenveters hoogmode geword en die blink gespes van hoëhakskoene is met veters vervang. In 1800 het fabrieke begin met die massaproduksie van die skoenmaker se eenvoudige leerskoene met blink leer en skerp punte.

Die mens se voet is ’n interessante liggaamsdeel: dit het 18 spiere en 25% van die bene in ’n mens se liggaam kom in jou voet voor. In die Oosterse tradisie was vroue met besonder klein voetjies gesog. Daarom is vroue se voete van ’n jong ouderdom af met satynbande toegedraai om die bloedsomloop af te sny en groei te voorkom. Dié verbinde voete was ’n teken van onderdanigheid aan haar man en familie omdat dit vir die vrou moeiliker was om rond te beweeg.

Soos die jare aangestap het, het skoene voete op baie paaie geabba. Soms het die skoensole mense oor moeilike paaie gehelp en andere kere het dit voetspore van vreugde agtergelaat.

[Aangepas uit http://www.sarie.com/inspirasie en http://152.111.11.6/argief/berigte/volksblad]


**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIES

Lees die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS D




[Verwerk uit *Sarie*, April 2013]

3.1 Verbeter die leestekenfout in reël 1–4. Skryf die woord voor en na die ontbrekende leesteken ook neer. (1)

3.2 Dink jy die visuele voorstelling pas by die woorde in reël 1–2? Motiveer jou antwoord. (1)

3.3 Verbeter die spelfout wat in reël 3–6 voorkom. (1)

3.4 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies (reël 6). (1)

3.5 Herskryf reël 7–8 in 'n vraagsin. (1)

3.6 Waarom is reël 9 'n voorbeeld van partydigheid? (1)

**TEKS E**




[Verwerk uit *Sarie*, November 2013]

3.7 Watter diskriminasie word deur die advertensie verbreek en hoe sluit die prent hierby aan? (2)

3.8 Watter afleiding kan oor die persoon op die stoel se lyftaal gemaak word? (1)

3.9 In reël 2 en 3 gebruik die adverteerder Engels. Hoekom, dink jy, pas dit by die advertensie? (1)
**[10]**

## VRAAG 4: SPOTPRENT

Lees en kyk na die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS F




[Verwerk uit *Volksblad*, 5 September 2015]

4.1 Gee die afkorting vir "Wiskunde" in Spraakborrel 1. (1)

4.2 Skryf die onderstreepte sin in Spraakborrel 1 korrek oor. (1)

4.3 Die sin in Spraakborrel 1 is 'n mening. Motiveer hierdie stelling. (1)

4.4 Gee die verkleinwoord van die skuinsgedrukte woord in Spraakborrel 2. (1)

4.5 Vorm 'n persoonsnaam van die onderstreepte woord in Spraakborrel 2. (1)

4.6 Watter opvallende stereotiperings kom in Spraakborrel 2 voor? (2)

4.7 Gee TWEE woorde wat dieselfde as die onderstreepte woord in Spraakborrel 3 beteken. (1)

4.8 Herskryf die meerkat se woorde in Spraakborrel 4 in die indirekte rede. Begin jou antwoord met, *Die meerkat sê ...* (1)

4.9 Watter bydrae lewer die uitbeelding van die seuntjie tot die versterking van die spotprenttekenaar se boodskap in hierdie spotprent? (1)
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

**Wie is sy regtig?**

1 (5.1) Dit is nou ysig in die Magaliesburg, en die onverwagte reën lê in groot poele langs die pad. Ek sien haar toe ek om die draai kom.

2 Sy lyk (5.2) netjies in haar blou blazer en skoolromp. Haar skoene is blink gepolitoer.

3 Ek stop toe ek sien (5.4) sy gooi duim.

4 “Waarheen gaan jy?” vra ek.

5 “Ek is op pad skool toe vir ekstra lesse. Ons het vandag geografie.”

6 “Op ’n Saterdag?”

7 “Ja, al die matrieks het klas vandag,” sê sy asof dit (5.6) normaal is.

8 “En wat wil jy eendag word?” vra ek nuuskierig.

9 (5.7) “’n Vlieënier,” antwoord sy.

10 Ek is beïndruk! En as jy bereid is om oor ’n naweek meer as 70 kilometer duim te gooi skool toe, is die kanse seker goed dat jy dit sal regkry, dink ek stilweg.

11 Wanneer ons iemand ontmoet, is dit omtrent altyd die eerste ding wat ons vra: “So, wat doen jy vir ’n lewe?” ’n Beroep het amper ’n manier geword om mense te (5.8) beoordeel. Dit gee jou (5.9) status en aansien.

12 “Wat kry jy? Waar bly jy? Wat ry jy?” (5.10) ... dinge laat ons belangrik voel; dit gee ’n tipe sin en betekenis aan ons lewe. Maar het jy al gaan sit en dink wie IS jy?

[Uit: *Finesse,* Oktober 2015]

5.1 Herskryf die onderstreepte sin in paragraaf 1 in die verlede tyd. (1)

5.2 Skryf die intensiewe vorm van die onderstreepte woord in paragraaf 2 neer. (1)

5.3 Verbind die twee sinne in paragraaf 2 met die voegwoord “terwyl”. (1)

5.4 Wat beteken die onderstreepte uitdrukking in paragraaf 3? (1)

5.5 Skryf die gesegde wat in die eerste sin van paragraaf 5 voorkom, neer. (1)

5.6 Gee die antoniem vir die onderstreepte woord in paragraaf 7. (1)

5.7 Brei die sin in paragraaf 9 met ’n bywoordelike bepaling uit. Skryf die hele sin oor en onderstreep die bepaling. (1)

5.8 Die paroniem van “beoordeel” (paragraaf 11) is “veroordeel”. Skryf ’n sin van jou eie sodat die betekenis van “veroordeel” duidelik blyk. (1)

5.9 Benoem die onderstreepte taalverskynsel in paragraaf 11. (1)

5.10 Skryf die ontbrekende aanwysende voornaamwoord in paragraaf 12 neer. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**2016**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

| **VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)*** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | Die ervarings van die wêreld om ons/ons kinderjare bepaal ons selfbeeld./<br>Hoe ander mense jou op sosiale netwerke beoordeel, bepaal jou selfbeeld. √<br><br>Dit is noodsaaklik vir emosionele gesondheid (selfwaarde/selfvertroue/ selfaanvaarding). √ | 1<br><br><br>1 |
| 1.2 | Tieners moet nog steeds skoolgaan./<br>Hulle moet ongelukkig steeds skool toe gaan./<br>Skool kan ook 'n selfbeeldbouer/-afbreker wees.<br>Die skool is nie vir die tieners so belangrik soos wat die sosiale netwerke is nie. √ | 1 |
| 1.3 | Kompulsief √ | 1 |
| 1.4 | Om mooi te wees/om maer te wees, die regte soort selfoon te besit/klere met die regte handelsmerk te dra, is sukses. √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 1.5 | Ja<br>Dit is jammer dat ma's in kompetisie met mekaar staan./nie hul kinders ondersteun nie./een van die grootste euwels in sommige tieners se lewens is./verwag dat jou uiterlike by dié van jou ma aansluit.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>My ma ondersteun my./bou my selfbeeld./laat my toe om my eie mens te wees./ kompeteer nie met my nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke motivering vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.6 | Kinders kan dissiplineloos/rebels grootword.<br>*Implikasie:* Daar gaan al hoe minder dissipline in gesinne toegepas word.<br>*Oplossing:* Ouers moet weer ouers wees/hul kinders begin dissiplineer.<br><br>**OF**<br><br>Tieners kan met hul selfwaarde sukkel.<br>*Implikasie:* Dit lei tot gedragsprobleme in toekomstige huisgesinne.<br>*Oplossing:*Die ouers moet die kind se selfwaarde met liefde/respek bou.<br><br>**OF**<br><br>Dit kan lei tot ongesonde kompetisie tussen ouers en kinders.<br>*Implikasie:* Die gesagstruktuur van die ouer verval./Die ouer se gesag is nie meer geloofwaardig nie./word geminag.<br>*Oplossing:* Ouers moet weer die leiers in die gesin word.<br><br>**OF**<br><br>Kinders kan die ouerhuise regeer. √<br>*Implikasie:* Daar heers anargie in die ouerhuise. √<br>*Oplossing:* Ouers moet weer hul ouerskaprol opneem. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n implikasie aan wat by sy eerste antwoord sal pas en noem hoe dié probleem opgelos kan word.* | 1<br>1<br>1 |
| 1.7 | Wanneer die kind se beste nie goed genoeg is nie. √<br><br>Dit het 'n verpletterende uitwerking op selfwaarde. √<br>Dit lei tot gedragsprobleme. √ | 1<br><br>1<br>1 |
| 1.8 | Dit kan kinders kommunikasievaardighede aanleer./<br>Selfwaarde kan deur sosiale netwerke gebou word. √ | 1 |
| 1.9 | Gebruikers moet gebruikersetiket aanleer./<br>Gebruikers moet met groot sorg/versigtig dié met wie hulle kommunikeer, kies. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.* | 1 |
| 1.10 | Dit wat in jou lewe gebeur, word gereeld/stap vir stap op Facebook geskryf. √<br><br>"hiperkonnektiwiteit" √ | 1<br><br>1 |
| 1.11 | Bou kinders se selfwaarde.<br>Gee kinders baie liefde./<br>Behandel 'n kind met respek./<br>Kweek gesonde idees oor identiteit./<br>Kweek sukses by kinders. √√√√<br><br>*Die kandidaat bied VIER antwoorde vir een punt elk aan.* | 4 |
| 1.12 | Ja<br>Die titel prikkel die leser om verder te lees.<br>Die titel vat die inhoud van die teks saam.<br><br>**OF** | |

Kopiereg voorbehou 

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Nee<br>Daar is ook positiewe aspekte wat in die teks voorkom en nie net negatief soos wat die titel aandui nie.<br>Daar word ook oplossings aangebied. √√<br><br>*Die kandidaat kan soortgelyke motiverings vir EEN punt elk aanbied.* | | 2 |
| 1.13 | Skok/verbasing/woede/ontsteltenis/ongeloof/kwaad √ | | 1 |
| 1.14 | Tieners kommunikeer op sosiale platforms/die internet soos wat die tieners in raampie 5 vir mekaar SMS'e/WhatsApps stuur./<br>Tieners is van mening dat hulle verhoudings met Whatsapp kan bou. √<br><br>Sy sit met haar rug na hom toe. √ | | 1<br><br>1 |
| 1.15 | Die tieners se selfwaarde sou 'n knou gekry het./<br>Die SMS sou haar hart gebreek het.√<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Dit is geslaagd.<br>Tieners kommunikeer al minder verbaal met mekaar./eerder deur middel van elektroniese toestelle.√<br><br>**OF**<br><br>Dit is nie geslaagd nie.<br>Nie alle tieners kommunikeer deur middel van elektroniese toestelle nie./<br>Heelwat tieners is nog sterk verbaal in hul kommunikasie.√<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke motivering vir EEN punt aan.* | | 1<br><br>1 |
| 1.16 | Die meisie se gesigsuitdrukking helder op./Sy glimlag/is nie meer ontsteld/ hartseer/ geskok/verbaas nie. √ | | 1 |
| | **TOTAAL:AFDELING A** | | **[30]** |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**Nasien van die opsomming**

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs stadiums wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste stadiums bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

In 8000 v.C. het Amerikaanse Indiane die eerste soort skoen van gevlegte leer en gras gedra. ’n Primitiewe skoen wat met gras uitgevoer is, is in 3300 v.C. gebruik. Die Egiptenare het in 3000 v.C. sandale van gebreide leer gemaak. Vryburgers en slawe-eienaars het in 100 n.C. eenvoudige leerskoene gedra. Skoene met hoë hakke is in 1500 deur Leonardo da Vinci aan die wêreld bekendgestel. Eers in 1600 is gespes met skoenveters vervang. Van 1800 af het die massaproduksie van blinkleer- en skerppuntskoene in fabrieke begin.

**Getal woorde: 87**

**OF**

| AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING | |
|---|---|---|---|
| 1 | *Die vroegste bewys van skoene is in **8000 v.C**. in Missouri by die Amerikaanse Indiane gevind: ... **gevlegte leer en gras** wat die voetsool ...* | A | In 8000 v.C. het Amerikaanse Indiane ’n soort skoen van gevlegte leer en gras gedra. |
| 2 | *Die sogenaamde “Ysman” het in **3300 v.C**. in die Franse Alpe gesterf en ’n **primitiewe skoen, met gras uitgevoer**, is aan sy beendere gevind.* | B | ’n Primitiewe skoen wat met gras uitgevoer is, is in 3300 v.C. gebruik. |
| 3 | *Die Egiptenare het **3000 v.C**. muurskilderye, wat skoene en skoenmakers uitbeeld, geverf – iets soos **sandale wat van gebreide leer gemaak is**.* | C | Die Egiptenare het in 3000 v.C. sandale van gebreide leer gemaak. |
| 4 | *In **100 n.C**. het vryburgers en slawe-eienaars … **eenvoudige handvervaardigde leerskoene** …* | D | Vryburgers en slawe-eienaars het in 100 n.C. eenvoudige handvervaardigde leerskoene gedra. |
| 5 | *In **1500 het die kunstenaar**, Leonardo da Vinci, skoene verhef tot noodsaaklike bykomstigheid: **hy het die hoë hak ontwerp** …* | E | Skoene met hoë hakke is in 1500 deur Leonardo da Vinci aan die wêreld bekendgestel. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6 | ***'n Eeu later** het skoenveters hoogmode geword en **blink gespes is met veters vervang.*** | F | In 1600 het skoenveters gespes vervang. |
| 7 | *Dit was eers in **1800 dat fabrieke** werklik die skoenmaker se eenvoudige leerskoen **met blinkleer-en-skerppunt-massaprodukte** begin vervang het.* | G | Van 1800 af het die massaproduksie van blinkleer- en skerppuntskoene in fabrieke begin. |
| | | | **Getal woorde: 83** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | ... suiwel, maar ... √ | 1 |
| 3.2 | Ja<br>Die voedingstowwe in melk veroorsaak dat melk nie maklik verteerbaar is nie./<br>Die voedingstowwe in melk is soos spykers wat nie maklik verteerbaar is nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>As jy die spykers in die voorstelling inneem, gaan dit nie verteer word nie, maar EasyGest-melk sal maklik verteer./<br>Die spykers in die bottel dui nie op heilsaamheid nie. √ | 1 |
| 3.3 | (laktose-)intoleransie √<br><br>*Die woord moet korrek gespel word.* | 1 |
| 3.4 | verteerbaar √<br><br>*Die woord moet korrek gespel word.* | 1 |
| 3.5 | Is Parmalat EasyGest in volroom- en laevetmelk beskikbaar?/beskikbaar in volroom- en laevetmelk? √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.6 | Die enigste keuse wat voorgehou word, is dié van Parmalat./<br>Die leser word beïnvloed/manipuleer omdat daar net een keuse is. √ | 1 |
| 3.7 | Geslagsdiskriminasie./Dit is nie net pa's/mans wat 'n Lazboy-stoel besit/op 'n Lazboy-stoel kan sit nie. √<br><br>In die prent is dit nie die pa wat op die stoel sit nie, maar moontlik sy dogter/iemand van die vroulike geslag. √ | 1<br><br>1 |
| 3.8 | Sy is ontspanne/gemaklik/rustig. √ | 1 |
| 3.9 | Engels is een van die kommunikasietale van die wêreld./<br>Die meeste mense verstaan Engels./<br>Die naam van die produk is 'n Engelse naam/in Engels.<br>Lazboy is 'n woordspeling op *lazy boy* wat op rustigheid/ontspanning/kalmte sinspeel.<br>Dit is 'n bemarkingstrategie. √ | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Wisk./wisk. √<br><br>*Die afkorting moet korrek aangedui word en daar moet 'n punt wees.* | 1 |
| 4.2 | Moenie/Moet nie 'n kind help as jy bang is vir Wiskunde **<u>nie</u>**. √ | 1 |
| 4.3 | Die stelling word nie (deur navorsing) bewys nie. √ | 1 |
| 4.4 | (Wiskunde-)probleempies √<br><br>*Die woord moet korrek gespel word.* | 1 |
| 4.5 | Bangbroek/Bangjan/bangjan √<br><br>*Die woord moet korrek gespel word.* | 1 |
| 4.6 | Ouers/Mense is bang vir Wiskunde./<br>Vroue sukkel met Wiskunde./<br>Ouers doen hul kinders se huiswerk. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 4.7 | vermenigvuldig met/keer/vermenigvuldig √<br><br>*Die woord moet korrek gespel word.* | 1 |
| 4.8 | Die meerkat sê dat hy/sy ook van daardie/daai pastei soek./<br>Die meerkat sê hy/sy soek ook van daai/daardie pastei.<br>Die meerkat sê dat hy/sy ook van daai/daardie pastei wil/wou hê.√ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.9 | Die seuntjie is ontspanne/kyk spottend toe terwyl sy ouers sy Wiskundehuiswerk doen./wend geen poging aan om betrokke te raak by sy Wiskundehuiswerk nie, want sy ouers gaan sy huiswerk doen./<br>Wiskunde is so moeilik dat ouers dit nie kan doen nie.<br>Die seuntjie kry lekker/verlekker hom daarin dat sy ouers ook met Wiskunde sukkel. √ | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Dit was (toe) ysig in die Magaliesburg. √ | 1 |
| 5.2 | kraaknetjies √<br><br>*Die woord moet korrek gespel word.* | 1 |
| 5.3 | Sy lyk netjies in haar blou blazer en skoolromp(,) terwyl haar skoene blink gepolitoer is. √ | 1 |
| 5.4 | Sy vra vir ’n saamrygeleentheid van verbygaande motoriste (deur haar duim regop te hou)/ryloop. √ | 1 |
| 5.5 | is op pad √ | 1 |
| 5.6 | abnormaal/buitengewoon/vreemd/snaaks/ongewoon √<br><br>*Die woord moet korrek gespel word.* | 1 |
| 5.7 | “’n Vlieënier”, antwoord sy <u>met ’n glimlag</u>./“’n Vlieënier,” antwoord sy <u>glimlaggend</u>. √<br><br>*Die kandidaat gee ’n eie gepaste bywoordelike bepaling.* | 1 |
| 5.8 | Onwettige ontgroening behoort sterk <u>veroordeel</u> te word. √<br><br>*Die kandidaat gee ’n eie sin met die betekenis om iemand skuldig te bevind, te sê hoe iemand gestraf behoort te word, kritiek uit te spreek, ’n sterk afkeur toon of iets afwys. (HAT, 2015. bl. 1466)* | 1 |
| 5.9 | Pleonasme/woordoortolligheid √ | 1 |
| 5.10 | Hierdie/Dié/Sulke/Daardie √ | 1 |
| | | **[10]** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

Kopiereg voorbehou